Tema 5 LIEFDE skyn LIG

1Joh 1:5-10
1Joh 4:7-21

1Joh 4:16 GOD IS LIEFDE / 1Joh 1:5 GOD IS LIG

Joh 3:21 Maar wie volgens die waarheid handel, kom na die lig toe, sodat dit duidelik kan blyk dat sy dade in gehoorsaamheid aan God gedoen is.

Joh 17:26 Ek het u Naam aan hulle bekend gemaak, en Ek sal dit verder bekend maak, sodat die liefde wat U aan My bewys het, in hulle kan wees en Ek ook in hulle.

Rom 5:5b .....God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat hy aan ons gegee het.

Rom 12:9 Die liefde moet opreg wees. Verafsku wat sleg is en hou vas aan wat goed is.

Efes 3:18 + 19 Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek. Mag julle sy liefde ken, liefde wat ons verstandte bowe gaan, en mag julle heeltemal vervul word met die volheid van God.

Fil 1:9 Ook bid ek dat julle liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling, sodat julle die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom.

Fil 2:2 maak dan nou my blydskap volkome deur eensgesind te wees: een in liefde, een van hart, een in Strewe.

Kol 1:8 ..die liefde wat deur die Gees in julle gewek is.

1 Tes 3:12 onderlinge liefde maak innerlik sterk en heilig voor God.

Paulus gee Timoteus opdrag om in Efese te bly;
1 Tim 1:5 Die doel van hierdie opdrag is om liefde te wek wat uit ‘n rein hart, ‘n goeie gewete en ‘n opregte geloof kom.

1 Kor 13:1-13 Die liefde.

Gal 5:22 Liefde
Efes 3: 14-21 Paulus se gebed vir die Efesiërs.